


# African Christian Alliance - Afrikaner Christen Alliansie. (ACA)

**GLO IN GOD, GLO AAN U VOLK, GLO AAN USELF EN SKEP DAARDEUR U EIE TOEKOMS - BID ASOF WERK NIE HELP NIE, WERK ASOF BID NIE HELP NIE - DIE STRYD DUUR VOORT – DIE LEWE IS 'N STRYD - STRYD IS LEWE – DIE VOLK WAT WIL LEWE, SAL VEG – DIE WAT VEG SAL LEWE. DAAR IS WENNERS EN POTENSIëLE WENNERS - GLO EN VERTROU.**

## Manifes 2009

**Inleiding:**

Ons hoop lê by God Almagtig en ons verklaar dat die ACA daaraan verbind is om 'n Godvresende leierskap daar te stel. Ons is streng onderworpe aan Bybelse riglyne en ons besluite is uitluitlik gebaseer op Bybelse beginsels.
a) Die ACA is gekoppel aan alle Suider Afrikaanse Volke en hul tale , wat dit eens is met die ACA en die se strewes.
b) Die ACA in alliansie met alle Christen Kerke en van verkeie Volksgroepe van Suider-Afrika.
c) Die KERN Doel, Strewe, Benadering en Waardesisteem van die ACA in `n voortdurende veranderende klimaat is om van ALLE opsies gebruik te maak om die staatkundige vryheid en politieke selfbeskikking van alle Suid-Afrikaners te verkry - met `n Gelukkige, Vry en Onafhanklike Suider-Afrikaanse volk. Die ACA se Benadering is Dinamies, Deelnemend en Ge-integreerd met `n Waardesisteem gefundeer op Hoë, Etiese en Godsdienstige Norme.

(1Sam 8:10–18) (Rom 13:1) (Spr 8:15) (Heb 10:24) (Matt 22:21) (Matt 28:19-20) (Luk 22:25-26) (Pet 2:13-14) (2 Kron 7:14)




## VERANDERING MET DIE OOG OP VERBETERING

Soos wat die wêreld rondom ons verander is ons ook genoodsaak om te kan oorleef in die veranderende omstandighede. Dit is egter nog nie te laat vir ons om die nodige veranderings te maak nie, en ons kan nog steeds 'n groot, groot verskil maak.

As Suid-Afrikaners is dit nodig vir baie van ons om te verander – verander, met die doel om te kan verbeter en die goeie na te jaag. Dit is egter ook nodig om tot inkeer en inderdaad, tot bekering te kom want indien U die verkeerde koers ingeslaan het, is dit tyd om onverwyld 'n 180° u-draai te maak – dan kan ons werklik saamwerk met die oog op 'n beter toekoms. Laat ons dus hande vat en saamstaan as Suid-Afrikaanse Christene. Ons kan per slot van sake slegs 'n beter, meer positiewe toekoms tegemoet gaan vir ons en ons kinders, mits ons kan verenig en saamstaan. Die enigste wyse waarop ons vooruitgang kan maak, sal wees indien ons die bogenoemde kan bereik, die Wil van God soek en dan ons vordering meet aan Sy Woord.

## ONS WAARDES

- Ons is vasberade om nooit te verslap waar dit kom by die morele en Christelike waardes van die ACA nie.
- Die ACA se sienswyse is dat al Suid-Afrika se inwoners voluit, gelukkig en vreedsaam, in 'n samelewing vry van armoede en geweld kan saamleef. Ons voorsien 'n land waar ons behalwe vir 'n goeie gesondheidstelsel, ook gratis skoling vir al ons kinders tot en met Graad 12, of tot op die ouderdom van 18 jaar kan bied.

'n Gesinslewe wat in alle opsigte gesond is, is die hoeksteen van 'n gesonde nasie. Die ACA sal meer ondersteuning daarstel om enige gesin te kan bystaan met hulp, maar vir ons om 'n nasie te kan bou waarop ons trots kan wees, sal dit nodig wees vir elke vader, moeder en kind om in die toekoms te kan glo. Die huwelik is 'n Heilige sakrament wat deur God daargestel is as 'n bindende verwantskap tussen 'n man en 'n vrou. Ons verwerp gevolglik die eise en sogenaamde 'regte' van homoseksuele en lesbiese groepe ten opsigte van 'huwelike' en die aanneem van kinders. Jesus Christus het op die kruis gesterf vir die vergewing van ons almal se sondes – God is daar vir almal. U het 'n keuse om na Hom uit te reik en Sy aanbod van vergifnis te aanvaar. Is U gereed daarvoor?

Elke nasie het 'n skat in sy bejaardes. Die ACA sal hom daartoe verbind om die maandelikse bedrag met betrekking tot welsynsbystand aan bejaardes te vergroot vir diegene wat geen inkomste het nie.




## ONDERWYS

Kinders het 'n reg op behoorlike onderwys, ontspanningsfasiliteite, genoegsame voeding, huisvesting, vrede en goeie gesondheid. Om te kan groei en floreer en om hulle volle potensiaal te kan bereik, het kinders 'n omgewing nodig waar hulle kan leer en speel, dinge te kan ondersoek en lag, vriendskappe kan bou, liefgehê kan word en na omgesien kan word. Daar bestaan 'n gaping tussen die middelklas openbare skole en die armer skole in sekere gebiede. Ons kinders is gefrustreerd met die huidige stand van onderwys en dit was bevind dat Suid-Afrika een van die swakste onderwysstelsels ter wêreld het. Dit is ons plig as ouers om te kan besluit op die rigting wat godsdienstige onderrig in ons skole behoort te neem, wat die die kulturele konteks behoort te wees, sowel as wat die gekose taal van onderrig behoort te wees. Die ACA se beleid is om 'n behoorlik opgevoede, geskoolde bevolking te kweek wat na behore toegerus is met die nodige gereedskap om waarde tot hulle land te kan byvoeg. Die ACA se onderwysstelsel vereis die bestaan van 'n streng wetenskaplike curriculum wat Christelik gebaseerd is, met hoogs gekwalifiseerde onderwysers, terwyl ouers die reg het op inspraak in hulle kinders se skoolopvoeding. Die ACA sal ook vereis dat alle skole, hetsy privaat of openbare (staats) skole hoë onderwysstandaarde handhaaf om sodoende elke kind die geleentheid en voordeel te kan bied om afgesien van die keuse van skool – insluitende tuisonderrig. Seksonderrig sal die verantwoordelikheid van ouers wees. As sulks, sal ouers dus ook hulle outoriteit mag uitoefen waar dit sou kom by die aanstelling van onderwysers.

**Die ACA sal:**

- Daarop konsentreer om gekwalifiseerde, ervare onderwysers binne die beroep te probeer behou deur middel van beter vergoeding gebaseer op verdienste, en nie kwotas of politiese sienwyses nie.
- Voorkeur gee aan vroeë ontwikkeling van elke kind.
- Skole finansier deur middel van geld vanaf die Staat en ons daarop toelê om te konsentreer op die basiese beginsels van lees, skryf, en rekenkunde, met die ondersteuning van die skoolrade.
- Gratis skool opleiding bied aan alle leerders tot by Graad12, of tot die ouderdom van 18 jaar.
- Slegs een leerplan hê vir elke skool landswyd, met dieselfde, eenvormige eksamens vir alle leerders aan die einde van elke jaar.
- Verseker dat eksamens voldoen aan aanvaarde nasionale en internasionale standaarde.
- Verseker dat skoolinspekteurs heringestel word om toe te sien dat by die voorgeskrewe standaarde van onderwys gehou word.
- Onderwyskolleges heropen en toerus om belangstelling in onderwys weer as 'n beroep aan te wakker.
- Spesiale skole her-instel wat voorsiening kan maak vir die behoeftes van sekere gestremde leerders (Graad R)




- Magtiging verleen aan leerkragte om ongedissiplineerde en steurende kinders na goeddunke te kan dissiplineer en indien nodig, om korrektiewe lyfstraf te gebruik.
- Programme in werking stel om leerders wat onder riskante omstandighede tuis woon, uit hulle skadelike omgewings te verwyder en hulle toe te laat om hulself te kan bekwaam in rigtings wat vir hulle tot voordeel kan strek.
- Afgesonderde remediële skole beskikbaar stel vir leerders met spesiale behoeftes.
- Weg doen met bendebedrywighede, wapens, dwelms en alkohol in skole.

## WERKSKEPPING EN DIE EKONOMIE

Beskerming van werksgeleenthede is van kardinale belang. Verbode immigrante ontneem baie Afrikaners van werksgeleendhede - Streng deportasie moet uitgevoer word na toekomstige vlugtelingskampe wat op Suid-Afrikaanse grense gebou, gedoen word, met Internasionale Weermag-soldate en Gesondheidsdienste.

(Mat 6:24) (Mat 6:33-34) (Hos 4:6) (1 Tim 5:8) (1 Tim 6:10) (Jes 3:21-22) (Jes 59:12) (Ps 66.18) (Mal 3:8-12) (Spr 3:9-10) (Gal 6:7-8) (Luk 6:37-38) (2 Kor 9:7) (Deut 16:16-17) (Mat 5:23-24) (Mar 12:42-43) (Mat 19:21) (Mar 10:21) (Ef 4:28) (Jak 4:2-3) (Mat 5:11) (Luk 11:9-13) (Luk 16:10-13) (Spr 3:5-6) (Heb 11:6) (Jer 9:23-24) (Spr 3:5-6) (Spr 12:9) (Spr 13:7) (Spr 22-7) (Rom 13:8) (Jak 4:7) (Gen 22:12) (Gal 6:7-8) (Rom 13:8) (Jes 5:13) (Heb 5:14) (Tit 1:7-9) (1Kor 4:1) (1 Pet 4:10) (Luk 12:42) (Luk 16:1) (Rom 16:23) (Gal 4:1-2) (Mat 20.8) (Mat 25:14) (Mat 25:21) (Mat 25:26-30) (Ps 50:10-12) (Hag 2:8) (Joh 10:10) (Mat 7:11) (Mat 7:11) (Ps 35:27) (Ps 73:3) (Ef 5:17) (2 Tim 3:16-17) (Rom 1:20) (Gen 1:11) (Gal 6:7) (Ps 126:5-6) (Spr 11:18) (Jes 32:20) (Hos 10:12) (Gal 7:8) (Job 4:8) (Spr 6:12-15) (Spr 16.28) (Spr 22:8) (Hos 8:7) (Gal 6:8) (Jer 12:13) (Spr 18:20) (Spr 18:21) (Phil 4:6) (Mat 6:31-33) (Spr 10:22) (Spr 12:14) (1Sam 15:22) (Mar 10:29-30) (Mat 13:8) (Gen 4:12) (Deut 28:18) (Lev 26:14-16) (Mig 6:13-15) (Deut 28:38) (Gen 8:22) (Gal 6:9) (Mar 4:28-29) (Openb 14:15) (Spr 3:9-10) (Eks 20:6) (Joh 14:15) (Gen 14:20) (Gen 28:22) (Lev 27:30) (Mal 3:10) (Mat 23:23) (Heb 7:8-22) (1Kor 16:2) (Mat 22:21) (2Kor 9:6) (2Kor 9:7) (2Kor 8:12) (2Kor 9:10-11) (Mat 5:23-24) (1Kor 13:3) (Deut 12:6) (2Kron 31:12) (Eks 22:22) (Deut 14:29) (Deut 24:17, 19-21) (Deut 26:12) (Deut 27:19) (Jes 1:17) (Jer 22:3) (Sag 7:10) (Mal 3:5) (Spr 29.7) (Spr 29:14) (Luk 6:20) (Luk 19:8-9) (Joh 13:29) (2Cor 9:7-9) (Jak 2:5) en (Ps 41:2-4)

Al die Bybelverse hierbo help en leer ons om te verstaan hoe ons veronderstel is om ons inkomste aan te wend. As ons as ’n nasie leer om ons geldsake tuis onder beheer te kry, sal die res vanself kom en ons land se ekonomiese status sal dienooreenkomstig verander. Ons moet leer om ’n ‘toegevoegde waarde’ ekonomie te ontwikkel, in plaas daarvan dat dit deur die grondstof- en kleinhandel industrieë gedomineer word. Dit het onaanvaarbaar geword om goud uit te voer en dan klaargemaakte juweliersware in te voer. Dit is ekonomiese dwaasheid om ystererts uit te voer, net om die verwerkte materiaal terug in te voer in die vorm van motorbakpanele vir nuwe voertuie. Ons het die grondstowwe en ons het die mense. Dit is die regering se verantwoordelikheid om te verseker dat die nodige kennis in plek is om die rykdom van ons nasie te kan gebruik, en die ACA onderneem om dit te doen.




## DIE KLEIN SAKEMAN / VROU

Daar sal indringend gekyk moet word na vernaamlik die Klein Sakeman (wat op hierdie stadium grotendeels die meeste werksgeleendhede skep) om hulle aan te moedig met verskeie aanmoedigingsprogramme. Verfyning voor uitvoer van Suid-Afrikaanse edelmetale en minerale moet ten sterkste aangemoedig word. `n Inflasiekoers van meer as 7.5% moet deur middel van prysbeheer van goedere afgedwing word. Rente moet beheer word. Besigheids-monopolieë moet gestop en verminder word ter wille van konkurrente betreding. Die land se geldeenheid moet in vaste maat wees teen skommelings en wisselings. Eweredige belastingbetalings op `n glyskaal moet teen alle volke binne Suid-Afrika gehef word. Straatsmouse moet geregistreer en gemonitor word sodat daar van hulle ook belasting verhaal kan word.

## SUID AFRIKA PETROL EN ANDER PRODUKTE:

Dit moet verkoop word teen `n prys goedkoper as oorsese produkte. Asseblief!!! Ondersteun (sover as moontlik) alle goeie Suid Afrika vervaardigte produkte vir meer werk skepping en beskerm van ons valuta (geld) wisselkoers. Streef daarna om ons eie Suid Afrikaanse motor te bou!. Uitvoere van produkte moet (so ver as moontlik) aangemoedig word.

## GEREGTIGHEID en VEILIGHEID

Om bogenoemde af te dwing moet daar met streng optrede deur behoorlik aangestelde magte, geregtigheid afgedwing word. (Anders kan self-optredes dalk ongemagtig ingestel word.) 'n Sterk, goed betaalde, opgeleide, eerlike, behulpsame polisiekorps is van kardinale belang. Daar moet baie vernaamlik dringend gekyk word na die doelbewuste klein-skaal oorlog teen alle Boere, op Plaasgrond. Gedwonge tronkstraf, harde, handearbeid moet onder streng toesig gedoen word (om persone af te skrik) volgens die graad van oortreding, bv. Moordenaars, Verkragters, Ernstige Aanrandings asook Motorkapers.

## STAATSINSTELLINGS

Staatsinstellings behoort nie verkoop te word nie – veral nie aan buitelandse geldmagte nie. Afdwingbare verkope: Geld van staatinstellings behoort vir behuising en Onderwys vir alle huidige agtergeblewenes, met saamgaande werkskepping aangewend word.




## BEHUISING

**Die African Christian Alliance – Afrikaner Christen Alliansie (ACA)** respekteer die reg van eienaarskap van vaste eiendom en onderneem om voldoende behuising aan soveel landsburgers as moontlik beskikbaar te stel.

Die ACA sal:

- Die ontwikkeling van bekostigbare behuising deur middel van self-helpskemas wat deur die gemeenskap besit word. (Helpmekaarskema)
- Van koste-effektiewe tegnologie gebruik maak om behuising van ’n hoër standaard te voorsien.
- Die ontwikkeling aanmoedig van onderhoubare, selfstandige gemeenskappe, met geriewe en dienste soos byvoorbeeld gesondheid, onderwys, sosio-ekonomiese en ontspanningsfasiliteite.
- Konsentreer op landelike ontwikkeling deur industrieë aan te spoor om na die platteland uit te brei, om die ontvolking van die platteland teë te werk.
- ‘n Volledige databasis ontwikkel van persone wat op waglyste vir huise verskyn.
- Die huidige hostelle opgradeer en nuwe hostelle oprig vir jong, enkellopende werkende persone.
- Nuwe familie-hostelle en woonstelle sal gebou word.

## WATERSKAARSTE

Toegang tot die see is uiters noodsaaklik. Water kan ontsout word en kan binnelands ingepomp word. Baie landbougrond kan deur middel van ‘n oorhoofse tonnelstelsel soos wat in Israel gebruik word, besproei word. Werk, asook voedselgeleenthede word daardeur geskep. Rykdom sal dus weer van vooraf verwerf moet word deur volgehoude arbeid, vindingrykheid by die aanwending van natuurlike hulpbronne en doeltreffende organisasie van menslike hulp. Gesuiwerde en herwonne water kan byvoorbeeld deur die mynbedryf en ander industrieë gebruik word. Die tegnologie bestaan waardeur herwonne water verder gesuiwer kan word om geskik te wees vir huishoudelike gebruik, en selfs geskik sal wees as drinkwater. Gedurende die reënseisoen behoort huishoudings aangespoor te word om water op te vang wat byvoorbeeld van dakke se afvoerpype afstroom. Deur die gebruik van houers en water-opgaartenks kan reënwater wat gewoonlik verlore raak, opgevang en weer gebruik word, indien vir niks anders nie, dan tenminste vir besproeiing, ensovoorts. Hierdie metode sal die werklading van munisipaliteite verlig  en natuurlik ook geld spaar.



## GESONDHEID: M.I.V. - VIGS (AIDS), T.B. en ABORSIE

'n Goed-betaalde en opgeleide Mediese korps met goed toegeruste Hospitale is lewensnoodsaalik (Staat sowel as Privaat)

### M.I.V. – Vigs (Aids) en T.B.

Die staat moet M.I.V. inligtingsprogramme daarstel wat nie gemengde boodskappe oordra omtrent seks, wat teenproduktief is nie. (Die gebruik van kondome behoort byvoorbeeld nie aangemoedig te word nie –die aanmoediging van hoër morele standaarde is van veel groter belang). Die ACA sal die geveg teen M.I.V. – Vigs vergroot deur dit as 'n aanmeldbare siekte te verklaar en toe te sien dat gereelde toetsing geskied. Ge-infekteerde persone moet dit verpligtend aanmeld sodat dit ge-identifiseer en moontlik behandel kan word. In moontlike ernstige gevalle behoort persone afgesonder te word.

### Aborsie

As daar geen voldoende, erkende mediese redes vir die aanbeveling van 'n aborsie van 'n ongebore baba gediagnoseer is nie, en / of die moeder se lewe in gevaar verkeer en / of in die geval van verkragting, waar dit gerapporteer is aan die SA Polisiediens en 'n verkragtingsaak geopen is, behoort die Moeder sowel as die persoon/e wat so 'n onwettige aborsie uitgevoer het, van moord aangekla te word. Verkragte persone wat die verkragting binne agt en veertig (48) uur by die SA Polisiediens aanmeld en `n amptelike verkragtingsaak open, moet met die beste middels beskikbaar gratis, met die nodige empatie en respek deur kundiges behandel word. Die ACA sal toesien dat primêre en sekondêre mediese dienste ten volle beskikbaar en van die hoogste standaard moontlik is.

**Die ACA sal:**

- Die voorsiening van suiwer water en behoorlike sanitasie verseker en dat kennis van basiese gesondheid en higiëne aangeleer word, vanaf laerskoolvlak.
- Die verspreiding van anti-retrovirale behandeling uitbrei, en die voorkoming van moeder-tot-kind infeksieprogramme vergroot.
- Voorrang gee aan openbare bewustheids-veldtogte om weerhouding en getrouheid aan te moedig.
- Konsentreer op pogings om tuberculose (TB) te bekamp en uit te roei, met besondere klem op ekstreme en multi-medikasie weerstandigeTB.
- Hospitaaldienste verbeter en beter toegeruste en behoorlik betaalde mediese personeel verseker.
- Verseker dat openbare / privaat vennootskappe aangemoedig word en dat die opgradering van hospitale voorrang kry.
- Betrokke raak om 'n aansienlike vermindering van moeder-en kind sterftes voorkom, en
- Toegang tot mediese hulp voorsien deur middel van 'n nasionale gesondheid-skema, wat ontwerp is om verkryging van lidmaatskap te vergemaklik.

Ons fisiese welsyn is grotendeels afhankilik van wat ons eet, drink en inasem. Die ACA ondersteun derhalwe alterntiewe, hernubare bronne van energie, aanhanging van globale omgewingstandaarde en skoon tegnologie.




**Gestremdheid:**
Die ACA ondersteun die regte van gestremdes en dat hulle aanspraak het op volle, akkurate inligting omtrent die openbare dienste waarop hulle geregtig is, insluitend behoorlike kommunikasie soos byvoorbeeld Braille, groot druk en auto-banddiens. Provinsiale afdelings behoort te beplan om te verseker dat ten minste 2% van hulle werksmag bestaan uit gestremde persone.

## CRISTENDOM EN GODSDIENSVRYHEID

Daar kan aandag gegee word aan die Christendom en dié se reg op Godsdiensvryheid teen die neigings van Godsdienseenvormigheid en Intergelowe.

Erkenning van die DRIE-IN-EEN GOD. (Onderwerp-stuk op sy eie)

# H o o f l e i e r : - G O D - D R I E - I N - E E N

## NASIONALE LEIER – PRESIDENT (A.C.A.)

### U Nasionale -, Provinsiale en Plaaslike Regering vir die Toekoms!



**Petrus Johannes Van Der Westhuizen (Pieter)**

`n Ambassadeur van God op Aarde. "n Geestelike Kruisvaarder"
Slagspreuke "Verander ten Goede." en " Veg vir u Reg."

**KOM VEG VIR U GEBOORTEREG !!!**
**Kom Sê JA Vir die ACA !! Kom en Stem ACA!!**

**DIE ACA IS `N POLITIEKE PARTY WAT VEG VIR U EN U NAGESLAG**:

**Die volgende Plaaslike Regering Verkiesings vind moontlik plaas in Maart – Mei 2011.**

* Met die wil om Korrupsie uit te roei * Wat Armoede en Werkloosheid beveg * Wat Mishandeling en Verkragting van Bejaardes, Vrouens en Kinders beveg * Eie Wyks, Veiligheids-afgesperde gebiede met een Hoofingang voorstaan * Basiese, Bekostigbare Dienste (Water, Ligte en Vuillisverwydering) teen Bekostigbare Belastingkoerse aan alle Gemeenskappe wil aanbied.

**Die Volgende Moet Dringend Aangespreek word:** * Pensioenarisse wat al meer vergeet en verwaarloos word, asook hul Leefbare Pensioene * Hoë erfbelastings * Deur die uitkontraktering van Dienste teen die Goedkoopste Prys, dog Hoogste Kwaliteit te laat geskied, ongeag die Kontrakteur * Strenger Optredes om die Betaling van Stadsraads-Belasting en Dienstegeld te Verseker * Eiendomsregte moet Gerespekteer word in Stede sowel as op Plase. (Sien ook Konsepwetsontwerp op Plaaslike Eiendomsbelasting.) * Gereelde Terugvoering van Sake en Probleme aan Kiesers wat Reggestel is en die wat Nie reggestel is nie - U Die Kieser, waar Moontlik, Eerste Te Stel

Baie Dankie aan Onse Vader vir Sy Krag en Leiding. Baie Dankie aan Almal wat vir My, Petrus en die A.C.A. U Handtekening, Volgehoue Aanmoediging en Vertroue nog Steeds gee – Baie Dankie ook vir U Stem. Die Stryd word al hoe veller. U stem is van Kardinale Belang.

**Vertrou / Glo / Bid / Stem A.C.A. – Onthou – die A.C.A. Veg vir u Reg.**

# AFRICAN CHRISTIAN ALLIANCE -
# AFRIKANER CHRISTEN ALLIANSIE
# (A C A)




## Betekenis van Logo:

**Rooi Kruis:** – Jesus Christus stort Sy bloed uit vir ons, oor die kruis vir onse sondes. Baie soldate en ander persone van Suid Afrika (Wit, Gekleurd en Swart) het hulle bloed ook opgeoffer om Suid Afrika te bring waar dit vandag is. So het baie van ons Voorouers en Grensvegterseuns ook gesterf en bloed gestort om Vry en Onafhanklik te kon wees.

**Wit Kruis:** - Om ons rein te maak as ons hom aanneem as ons persoonlike saligmaker. Die idiaal dat die land leef binne God (YWH) se wil, met Christen leiers wat die volkere en land binne Sy (YWH) se wil lei.

**Strydvlag met paal aan regterkant:** - Oorspronklike Kruisvaarders wat met 'n Strydvlag "windop" Geveg het teen 'n Goddelose regering. Die stryd duur vandag nog voort.

**Swart agtergrond:** - Stryd is nie net teen vlees en bloed nie maar ook teen die magte van die Duisternis, bv. Die Geldmag, die Vry Messelaars, Broederbonders en die Magte agter hulle. Satanisme en ander Donker / Swart bekende, en onbekende magte.

**Blou geskrewe ACA:** Die hemelruim se verste eind is ons beperking in God (YWH) se hande.

**Die ACA Gestig:** 05 September 2005 - 09 November 2005 te PRETORIA.

Die Christelike Politieke Party wat O M G E E vir sy Ondersteuners, Asook Vir U.

Webtuiste: www.acaparty.org.za

E-Pos: aca-party@lantic.co.za

ACA, Posbus 98134
Waterkloofhoogte
Pretoria-Tshwane 0065

**SMS U ONDERSTEUNING AAN DIE ACA by 072 229 3760.** **S L U I T  N O U  A A N.**